

SARS MAAK ONWETTIGE TABAKHANDEL DUUR EN MOEILIK

Tshwane, 23 Februarie 2022 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het, deur sy Kriminele en Onwettige Ekonomiese Aktiwiteite en Doeane-afdelings, inspeksies en soek-en-beslagleggings-operasies uitgevoer op sigaretmaatskappye en -vervaardigers in KwaZulu-Natal, die Wes-Kaap en Gauteng.

Die persele wat geïnspekteer en deursoek is, sluit die wonings van bepaalde individuele belastingpligtiges in. Die ingryping en operasies is verwant aan breër ondersoeke en oudits na die belastingsake van sigaretvervaardigers, hul direkteurs, verwante entiteite en individue, met die doel om hul belastingnakoming te verifieer en inligting te identifiseer wat sodanige oudits kan ondersteun.

Hierdie ingrypings is ingestel nadat potensiële teenstrydighede geïdentifiseer is in doeaneverklarings en belastingopgawes verwant aan sodanige entiteite.

Die soek-en-beslagleggings-operasies het die volgende opgelewer:

- 362 meesterkaste ter waarde van R4.8 miljoen in die Wes-Kaap.
- 3852 meesterkaste ter waarde van R51 miljoen in Gauteng.
- 'n Fisiese inspeksie is onderweg in die Durbanse hawe nadat 20 laai-kiste verklaar is om tabak ter waarde van R24 miljoen te bevat, maar die aanvanklike inspeksie 'n besending van sementsakkies gevind het. Dieselfde uitvoerder is ook betrokke bevind by die uitvoer van meer as 10 miljoen kilogram tabak ter waarde van meer as R450 miljoen. SARS ondersoeke duur voort.

SARS moedig alle belastingpligtiges en handelaars aan om seker te maak dat hul belasting- en doeaneverpligte op datum en in nakoming is met die belasting- en doeane-wette.

Die SARS-kommissaris, mnr. Edward Kieswetter, het die organisasie en breër regering se toewyding tot die bekamping van enige onwettige handeldryf en kriminele ekonomiese aktiwiteite benadruk. Hy het gesê, "Diegene wat sistematies en met opset die fiskus beroof van wat daaraan verskuldig is deur bedrieglike en ander nienakomende aktiwiteite, sal aangespreek word. Die soort optrede sal duur en moeilik gemaak word."

Vir meer inligting, kontak Sarsmedia@sars.gov.za.